Bloementuin
19 Januarie 1967

LEWENSGESKIEDENIS VAN ISABELLA ELIZABETH KRAUSE (GEBORE KRIEL) GEBORE OP 10 JUNIE 1894

Dit is 'n lieflike en sonnige najaarsoggend op 8 Mei 1893 en dis die troudag van Isabella Elizabeth Joubert, die derde dogter van haar ouers Jan en Isabella Joubert van die plaas Eenkant en sy trou met Jan Gabriel Hendrik Kriel, oudste seun van Hermanus Sagrytjie Kriel van die plaas Slangfontein.

Jan is byna 26 jaar oud en vir daardie tyd gereken, 'n oujongkerel en Isabel trou vier dae voor haar sewentiende verjaarsdag. Van beide kante is hulle ouers heeltemal welgestelde mense met groot grond en baie beeste en skape.

Die bruilof vind plaas by die bruid se ouerhuis op die plaas Eenkant in die distrik Frankfort in die Oranje Vrystaat. Die bruidegom se ouers woon sowat tien myl daarvandaan op die plaas Slangfontein, naby die teenswoordige Petrussteyn. Die bruid was geklee in 'n pragtige wit satyn tabbert en die bruidegom in 'n manel, blou gestreepte broek en 'n pluiskuil.

Die bruidspaar ry in 'n pragtige verewa, getrek deur vier eenderste perde, met 'n koetsier voorop. Die verewa had binne vier sitplekke. Agter met hulle gesigte na voor het die bruidspaar gesit en reg voor hulle met hulle gesigte na agter het die strooimeisie en strooijonker gesit en kon hulle heerlik met mekaar gesels.

Die huwelik is op Frankfort voltrek, en die onthaal was by die bruid se ouerhuis op die plaas Eenkant, en hulle het dwarsdeur die nag gedans. Die volgende dag is die twee pasgetroudes na die woning van die bruidegom op die plaas Eensaam, wat aan die bruidegom se vader behoort het. Hier het die samelewing begin.

Die volgende jaar 1894 op 10 Junie is hul eerste kind, ‘n dogtertjie gebore. Dit was ek. By my geboorte was my ma se ouma (my oumagrootjie) teenwoordig, naamlik Jacoba Elizabeth (gebore Roos). Sy is op 3 Januarie 1836 gebore en op 8 Januarie 1896 oorlede toe sy 58 jaar oud was.

Sy was met Thomas Ignatius Steenkamp getroud op 12 Februarie 1825. Hulle plaas was Bloublommetjiesfontein, naby die teenswoordige dorp, Petrussteyn. Sy is later weer getroud met Willem Janecke.

Die oumagrootjie van my, sy was Bettie genoem, was 'n baie bekwame doktersvrou en vroedvrou… Net soos haar moeder Anna Catharina Roos, gebore De Wet en later weer haar oudste dogter Anna Catharina Steenkamp, wat met Jan du Plessis getrou het.

By my geboorte het sy gesê ek is heeltemal met die helm gebore en ek sal 'n baie gelukkige en voorspoedige lewe hê. Maar daardie helm het my gery want vir maande het ek snags omgehuil. Dan stap Pa met my sewe maal om die huis. Dit is 'n raat wat hulle gekry het. Later het my ouers my laat bespreek en toe het die gesigte wat ek gesien het, my geleidelik verlaat. Die laaste gesig wat ek gesien het en nog duidelik onthou was 'n begrafnisstoet van ‘n man. Die man in die kis het ek ook duidelik gesien.

Op 7 Januarie 1896 is 'n tweede dogtertjie gebore. Terwyl Ma nog in die bed was (die sewende dag) het die buurvrou kom besoek aflê met haar kinders wat kinkhoes gehad het. Ek en my klein sussie steek aan en voor sy 'n maand oud was en nog nie eers gedoop nie, is sy aan kinkhoes oorlede. Sy is op die plaas Slangfontein begrawe.

Ek was ook byna dood. Haar dood en begrafnis het 'n onuitwisbare en duidelike beeld op my gemoed afgedruk. Ek was toe maar twintig maande oud. Oom Lou Kriel, pa se jonger broer het die blou kissie onder sy arm in die laat middagson na die kerkhof gedra.

In dieselfde jaar, 29 Desember 1896 is my oudste broer gebore en hy kry toe Oupa Kriel se naam, net soos ek my Ouma Joubert se naam gekry het. Toe was die Jameson inval, maar die is gekeer.

Kort voor Herman se geboorte het my ouers op Slangfontein by Oupa en Ouma Kriel gaan kuier en Oupa gee ons 'n bok persent om te gaan slag. Omtrent 'n myl van die huis af is 'n hek. Terwyl pa die hek oopmaak moet ma dan deurry. Daar pak die perde die kar en sit op loop. Die karwiel gaan oor 'n klip, ma val en kom op haar knieë te lande. Ekself val vêr uit en toe die bok wat vasgebind is grondvat, laat hy net 'n lang uitgerekte "mê" hoor.

Oupa-hulle het die petalje gesien en kom help. Ma se neus het baie gebloei en pa het die perde gou te perd agterna gesit. Die perde het aangehou met hardloop want daar was destyds nog byna geen drade nie, tot die kar en tuie flenters was. Die perde self het ook baie seergekry. Dit was die tweede gebeurtenis wat in my geheue gegrafeer was.

Op 22 Augustus 1898 is die tweede seun gebore. Hy moes my moeder se vader se naam kry en word gedoop Johannes Bernardus Stephanus maar word Jan genoem omdat Oupa ook as Jan Joubert bekend was.

In hierdie jaar het die verskriklike runderpes gewoed. Die beeste het by hope gevrek. Eers het die eienaars die dooie beeste afgeslag maar later het hulle sommer groot gate

gemaak en die dooie beeste daarin gerol. As die gat amper vol was het hulle dit met grond toegegooi. My pret was om die aasvoëls met die hond te jaag en dan is daar baie van hulle wat so dik gevreet is dat hulle nie kan opvlieg nie. As hulle dan so wegskarrel was dit vir my te prettig.

In daardie jaar is daar ook baie wapenskouiings gehou. Die waens word in 'n kring getrek, die burgers in twee kampe verdeel en die vrouens en kinders moet binne die kring van die waens bly. Die burgers veg dan met loskruit skote. Terwyl die mans skiet en die perde jaag dat hulle neusgate so oopstaan het ek so bang geword dat ek maar onder die wa-as, agter die agterwiel gaan skuil het. Toe trek die ghries van die agterwiel my aandag, ek steek my vingertjie daarin en vee dit aan my mooi pienk rokkie af. Dit word weer en weer herhaal. Toe my ma my kry was ek naar betakeld en slae het nie uitgebly nie
.
In hierdie tyd het ek so ‘n mooi grys katwyfie gehad waarvoor ek so baie lief was en was ek in my skik toe die kat kleintjies gekry het. Dan raak haar kleintjies die een na die ander weg vir my op ‘n onverklaarbare wyse sonder dat ek kan dink wat van hulle geword het.

Toe op 'n dag toe daar nog net een mooi groterige katjie was toe raak Grietjie self weg. Vir dae het ek gehuil en gesoek na haar. Die melkkaffer was Willem wat altyd ‘n groot rooi kombers gedra het. Op 'n more toe Willem sy hande was en die kombers so effens oopgaan sien ek Grietjie se vel tussen sy bene. Ek storm na my ma en skreeu: "Ma, ma, Grietjie sit tussen Willem se bene en ek wil Grietjie hê!" Omdat Grietjie kort-kort kleintjies gekry het, moes Willem haar doodslaan en dan kon hy haar vel vir 'n stertriem kry. Dieselfde Willem het altyd in die winter 'n paar kole in sy skoene gegooi. Dan skommel hy die kole in die skoen, gooi dit weer uit en trek dan die skoene aan en dan word sy voete warm.

Ons het toe nog nie 'n stoof gehad nie maar het op 'n essie vuur gemaak. Die essie is 'n soort platform, plus minus 3 voet hoog, van klei en klip gebou met 'n kaggel en skoorsteen. Die kaggel is so 'n klein vierkantige vertrekkie wat aan die huis aangebou word, geleidelik nouer na bo totdat dit in 'n skoorsteen eindig.

Binne in die kaggel is die es en op die es word vuur gemaak. Die waterketel hang aan 'n driepoot oor die vuur en die kospotte het elk drie pote en vuur word onder die potte gemaak. Die brood word geknie en in 'n groot ronde plat pot gesit, met die kort pootjies en dit staan eenkant op die es om te rys. Sodra die brood gerys is word kole onder die pot gesit en ook kole op die deksel en so word 'n potbrood gebak. Beskuit en koek word in ‘n bakoond gebak, en as daar baie mense kom word brood ook in die bakoond gebak. Groot gesinne se brood word ook altyd in ‘n bakoond gebak. Mieliepap was toe nog onbekend.

Op ‘n Sondagmore sou ons kerk toe gaan of gaan kuier. Ma sit ons klere uit op die bed en vir my twee nuwe skoene waarmee ek tog te in my skik voel. Terwyl ek hulle so staan en betrag dink ek meteens maar ek moet hulle ook gaan warm maak. Ek vat die twee skoene, draf kombuis toe, vat die vuurtang en pak in elke skoen 'n paar kole en laat hulle op die essie staan.

Na 'n rukkie toe ma my wil aantrek sê ma: "Maar waar is jou skoene?" In die kombuis, en ek draf voor en ma kom agterna. Op die es staan die twee skoene opgekrul. Net een kyk na hulle en ek sien ma maak haar leerbelt met die groot blink gespe los. Ek laat nael kamer toe en kruip onder die bed in. Ma sleep my daaruit en ek kry 'n pak van my lewe, met die leerbelt wat ek nooit sal vergeet nie. Dit was 'n geel leerbelt en agter in die middel van die rug was ook 'n blink gekartelde yster plus minus 4" by 1 1/2".

Op 23 November 1895 is my moeder se moeder op 41-jarige ouderdom oorlede. Sy laat haar man, drie getroude dogters, twee ongetroude seuns en vier ongetroude dogters na. Sy is oorlede met die geboorte van 'n seuntjie. Hy is doodgebore en hulle is in een graf begrawe op die plaas Eenkant waar Oupa Joubert ook later langs haar begrawe is.

Die vier ongetroude dogters is toe soos volg uitgeplaas:
Alie (Aletta Margaretha, gebore 30-6-1882, later getroud met Cornelius Fourie) het by die oudste getroude suster Bettie (Jacoba Elizabeth, 15 Mei 1871 – 24/5/1923, wat getroud was met Christiaan Roets) gaan bly.

An (Anna Catharina, gebore plus minus 1885, later getroud met Louis Swart) het by die tweede oudste getroude suster, Sannie (Susanna Margaretha, gebore 2l-7-1873, oorlede 9 Januarie 1961 en getroud met Frikkie - George Frederick du Plessis) gaan bly.

Die derde ongetroude dogter Martha het by my ouers kom bly en die jongste dogter Hansie, (sy het haar vader se naam – Johannes Bernardus Stephanus gekry) het by haar moeder se jongste suster Margaretha Deysel op Bloublommetjiesfontein gaan bly.

Martha is later met Hans Moolman getroud en Hansie met Schalk Bruwer. Maar toe was daar nog die vader en die twee ongetroude seuns. Einde 1898 is my ouers toe beweeg om op Eenkant te gaan bly.

Ons trek toe daarheen, dit is my ouers, ek, Herman, Jannie en Tant Hannie, maar heelaas toe was die Engelse Oorlog voor die deur. In hierdie huis had ons 'n groot Fortress stoof, met 'n koper boiler vir warm water. Die boiler was soos 'n groot koper emmer met 'n hingsel en 'n kraan.

Op 22 Augustus 1898 is broer Jannie: gebore en in Oktober 1899 het die oorlog uitgebreek. Oom Giel Joubert staan toe op troue met mejuffrou Margaretha Fourie en Tant Alie met Cornelius Fourie. Die twee Fouries was nie broer en suster nie en ek weet nie of hulle familie was nie. Al die burgers word opgekommandeer en pa en Oom Giel en Oom Naas is weg na die Natalse grens. Oom Giel het toe nooit met sy nooi getrou nie maar Tant Alie is later met haar bruidegom getroud. Sy en Oom Giel sou op dieselfde dag trou.

Op 'n Saterdagmiddag was Oom Giel klaar om na sy nooi te ry, uitgevat in sy donkerblou pak en perd opgesaal maar toe hy by die kombuisdeur uitstap karnuffel hy eers sy suster Alie en spring by die agterdeur uit. Sy gryp so 'n driehoekige ongeskilde pampoen uit die kokende pot op die stoof en toe Oom Giel sy voet in die

stiebeuel sit en op die swart perd se rug spring, lig die perd se stert en Tant Alie pleister die perd onder sy stert met die warm pampoen. Waar spring die perd tog nie, en waar trek die ruiter vol stof en klere en hande en gesig stukkend. Pa, Oom Giel en Oom Naas is toe weg Natalgrens toe maar einde Januarie 1900 het pa teruggekom want ma het begin Februarie verwag.

GEBOORTE VAN TWEELING

Op 10 Februarie is 'n tweeling-seuntjies gebore. Die eersgeborene het toe pa se naam Jan Gabriel Hendrik gekry want hy was die derde seun en die ander een het ma se oudste broer se naam, Gideon Johannes Jacobus gekry.

Ma het egter baie siek geword aan bedkoors en dr Heuningberg van Frankfort moes baie uitkom, Ma was drie maande in die bed. Toe bied pa se moeder, Ouma Kriel aan om een van die tweeling aan te neem en groot te maak as haar eie kind. Maar ma se toe nee, dalk sal die een wat ma weggee ma later verwyt en vra hoekom is hy dan weggegee en die ander een nie. Ma sê toe vir ouma as ma dalk weer 'n seuntjie het sal ma liewer die vir ouma gee.

DIE OORLOG 1899 - 1902

Van na die geboorte van die tweeling het die oorlog die lewe al moeiliker en moeiliker gemaak en die Engelse het al nader en nader gekom en toe begin die vlugtery.

'n Tyd voor die vlugtery begin het het pa vir my en Herman 'n baster hanslam met sagte wol gegee, wat ons aan 'n bottel met 'n speen aan laat melk drink het, en so het ons die hanslammetjie grootgemaak. Hy was ons beste speelmaat en waar ons ookal gegaan het, hy was altyd by ons. Ons het toe ‘n slee en 'n tuig gemaak en dan span ons die hanslam in en hy sleep ons rond. As ons links wil gaan tik ons hom net regs en as ons regs wil gaan slaan ons met 'n takkie,houtjie of sweepie aan sy linkerkant, so het ons dan ook baie vuurmaakgoed vir ma aangery. Toe die vlugtery begin het die hanslam saamgevlug, en hy was later so oulik dat as hy sien dit word uitgespan spring hy af en loop en wei. As ons eet is hy by om van ons kos te kry. As die osse aangekeer word om in te span laat nael die hanslam wa toe en spring op sy plek. Later het pa die hanslam geslag, teen ons proteseerdery in, en was dit 'n geween!!

Die hanslam was toe 'n pragtige groot vet skaap en pa was bang hy raak weg en beland in die ander se pot. Pa het dwarsdeur die oorlog, winter en somer of reën op sy vel geslaap. Die vel, pa se kos, klere en eetgerei was altyd op die pakperd of handperd.

Herman en ek het nie 'n stukkie van die hanslam se vleis geëet nie, hoe ma ook al soebat en mooipraat. Ons het gesê sy vleis is te slymerig ons kan dit nie eet nie. Toe die vlugtery begin is die wa met al die nodigste gelaai en die eerste vlug was oor Frankfort. Ons kinders, ek, Herman, Jannie en die kleine tweeling en Tant Martha, sy in die watent en my ma ry met die kar en perde. Dit was 'n pragtige nuwe kapkar wat pa onlangs van die Ville van die Paarl gekoop het en twee mooi appelblou, vinnige perde. Pa was op Kommando.

Daardie prentjie van die eerste vlug sien ek nou nog so helder voor my gees. Die duisende skape en beeste wat aangejaag word deur perderuiters, seuns, jong meisies met kappies in die hande en kaffers te voet en te perd en die onaardse gebulk en geblêr en die karre en waens sovêr jou oog kan sien.

By Frankfort moes die waens en karre een-een-aan die brug gaan, maar die vee is anderkant die brug deur die Wilgerivier gejaag wat toe min water gehad het. Toe die son ondergaan span die laer anderkant Frankfort uit om daar te oornag, te rus en kos te maak.

Toe ma by die wa kom is Jannie nie daar nie, die tweejaar-oud seuntjie met sy spierwit kop. Sy hare so wit soos 'n witsybok, en Angora en het lokke in sy nek gehang. Omdat die hare so mooi besonders was het ma hulle nog nie afgesny nie.

Toe begin die gesoek na Jan. Ons in die tent weet glad nie wat van hom geword het nie. Ons het hom nog nie eers gemis nie, 'n kaffer sê toe dat toe hy ander-kant die rivier was daar 'n witkop kind tussen sy skape was, net so hoog soos die skape maar hy weet nie wat van die kind geword het nie.

Na 'n lang gesoek kry ma hom by ander mense. Hoe hy uit die wa gekom het kon ons nie verklaar nie. Ek was toe 6 jaar, Herman 4, Jannie 2 en dan die baba-tweeling. Van toe af was dit gedurig rondvlug. Ons huis wat ons nagelaat het, het ons nooit weer in geslaap nie, want die Engelse het hom verbrand met alles wat daarin was. Ons skape wat ons op die plaas agtergelaat het, ons het met 'n klein klompie gevlug vir slaggoed wat ook maar gou gevang is saam met duisende ander, het die Engelse op 'n klomp gejaag op 'n randjie op 'n buurplaas, Rooikoppies, en daar het hulle die geweervuur op die skape gesit en hulle vermink en doodgeskiet en net die tonge uitgesny. Dit was winter 1900 en die skape se vel binne-in het versteen en nie vrot geword nie en na die oorlog het die vrouens die vet uit die skape gaan haal en seep gekook. Ons beeste het die Engelse almal na hulle laers aangejaag en vir die troepe geslag.

Van nou af was dit byna nag en dag vlug voor die aanstormende Engelse laers, eers saam met die Boere Kommando's maar later met die vroue-laer, onder beskerming van 'n klompie gewapende mans en die spioene het ons altyd op hoogte gehou van die Engelse se bewegings. Een dag moes ons deur die vol Liebenbergsrivier. Net voor ons wa kon deurgaan, val 'n wa vas by die ingang van die drif voor die malende waters. Wat nou gedoen. Daar was 'n paar mans om te help. Ons drywer was 'n baie getroue kaffer met die naam Stefaan, wat dwarsdeur die oorlog by ons gebly het, en hy moet die tou vat en met die osse dwarsdeur. Een man sit vrou op die wakis met 'n osse-sweep in sy hand en twee met swepe weerskante die osse in die water en ons wa trek bokant die vasgevalde wa in, waar die wal sommer reg-af is. Toe die wa reg-af van die wal in die water val, is die water oor die Katel in die tent. Die bokantste agterwiel kry 'n groot klip en so byna-byna val die wa om, want die water druk ook nog teen hom. Ek gryp aan die tentboë vas en hang soos 'n vlêrmuis aan die dak. Die touleier en die osse dryf met die water af, maar met 'n sweepgeklap en 'n geskree "Kom Stefaans, kom Stefaan en is ons eindelik deur met alls papnat.

Die volgende dag was die rivier gelukkig bietjie gesak en toe moes ons weer deur dieselfde drif vlug in die teenoorgestelde rigting. Honger was nou ons voorland en vir

dae had ons niks om te eet nie en veral die tweeling het aanhoudend gehuil want die moedersmelk was min en beesmelk onverkrybaar.

Op ‘n môre toe die son uitkom, nadat ons die hele nag gevlug het, span ons uit en maak vuur om kos te maak, maar die vuur het net gebrand toe twee spioene aangejaag kom en skree -"die Engelse kom, vlug!” Die vuur word geblus met die water en haastig word die moeë en honger osse weer aangekeer en ingespan en daar jaag dit weer so vinnig as wat die osse kan.

Stefaans stap aan die regterkant met die ossesweep en druk die osse bietjie meer links want aan die regterkant is ‘n droë kuil, maar wat hy nie geweet het nie is dat daar aan die linkerkant 'n baie groot droë kuil was en 'n baie dieper een. Die wa se linkerwiele vang die linker kuil en keer mooi op sy tent om in die droë kuil. Ma was baie besig om hare te kam en die hare slaan bo in die tent vas en twee sakke mielies val op ma en haar kop ook. Sy sê later sy het nog net haar tone voel roer, 'n splint aan die watent het 'n gat in my linkerwang gesteek maar ek kon gelukkig nog asemhaal. Van alle kante stroom die mense en help, die wa is gou afgelaai en ons uitgehaal. Gelukkig was nie een ernstig beseer nie. Giel, die jongste van die tweeling was al potblou en amper dood. Die wa word weer op sy wiele gebring en opgelaai so holderste bolder word ons in die tent ingegooi en daar vlug ons weer. Die kar was agteraan die wa vasgemaak Ag en so vele male het ons so net-net so naelskraap uitgekom as die vrouelaer wat agter ons deur die kaffers gevang word.

SO BYNA-BYNA GEVANG

Op 'n dag toe ons weer so oor die breedte van die aarde vlug onder die koeëls en kanonvuur van die Engelse en die agterpunte van die laer gevang word, kom pa agter die wa op sy blouperd, Locket, en sê "vrou gee my klere dat ek kan uitvlug want as die Kakies my vang stuur hulle my oor die see, maar as hulle jou vang bly jy nog in ons land" Ma sê verskrik "ag Jan span asseblief net gou my kar in" Met een haal van pa se knipmes wat altyd in sy regtersak van sy onder-baadjie was sny pa die kar los van die wa en skree "Stefaans bring die perde" Die wa se briek word vasgedraai en Stefaans keer die perde aan en blitsssnel word die perde ingespan. Intussen het ma gou die allernodigste bymekaar gesit, 'n paar stukkies klere, 'n paar komberse en kos wat daar was en toe die kar ingespan was, pak pa en ma ons gou in, ek in die middel van die sitbankie: met Giel op my skoot, Tant Martha links met Hen op haar skoot en Herman en Jannie met die ander goed voor in die bak en in haar linkerhand neem ma die leiseis en die sweep in die regterhand en daar trek ons Maar die perde was al baie verbouerreerd van al die geskree en skietery en bomme en ons vlieg oor die aarde deur slote en oor klippe en agter ons veg die Engelse en vang die mense. Die bomme skiet met 'n onaardse bombardament en dit lyk of die lug aan die brand is.

Die waens en karre jaag oor die breedte van die aarde. Terwyl ma nog so jaag met die kar steek die twee appelblou perde in hulle spore vas en staan en bewe. Ma skree so hard en so benoud as sy kan "help, help!!" Weerskante van ons jaag 'n wa en die twee mans elk met 'n ossewasweep slaan die perde van links en van regs met 'n dubbele ossewasweep dat hulle so wip en daar gaan hulle op loop met die kar. Hoe styf ma ookal aan die leiseis hou, deur slote en oor klippies, dit wip op en af, links en regs. Teen die aand was ons uit onder die Engelse maar al wat agter ons was is gevang.